# Gemeentenuus

## 21 Junie 2026

## Hierdie week in die Gemeente

**Spes. Deurkollekte: Gideons van S.A.**

| | |
|---|---|
| **08:20** | **Jeugdiens: Kerk**<br>*Ds. Mauritz Heyneman* |
| **10:15** | **Erediens: Kerk**<br>*Ds. Mauritz Heyneman* |
| **10:15** | **Erediens: Huis Stilbaai**<br>*Ds. Manus Duminy* |

## Spesiale Deurkollekte:

Hierdie week se Spesiale Deurkollekte word opgeneem vir die **Gideons van Suid-Afrika.**

Indien u 'n bydrae wil maak kan u dit **SLEGS** per **EFT** of **KONTANT** betaal.

**Merk asb. u bydrae:**
**"Gideons van Suid-Afrika"**

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG: 22 JUNIE**
17:00 Kooroefening
**WOENSDAG: 24 JUNIE**
10:00 Voorbidding by die kerk

## Volgende week

**Spes. Deurkollekte: Huis Stilbaai**

| | |
|---|---|
| **09:30** | **Erediens: Jongensfontein**<br>*Ds. Schalk Kotzé* |
| **10:15** | **Erediens : Kerk**<br>*Prop. Deona Aucamp* |
| **10:15** | **Erediens: Huis Stilbaai**<br>*Ds. Jan Heenop* |

## LERAARS: VERLOF

**Ds. Francois Taljaard** sal met verlof wees vanaf **17 Junie tot en met 16 Julie 2026**.

## SABBATSTYD

**Ds. Vian Louw** sal met Sabbatstyd wees vanaf ***14 Junie tot en met 4 Julie 2026***.

Ons vra dat die gemeente asb.hierdie tyd van ons leraars sal respekteer.






## SAM

SAM staan vir Samaritaan en wat 'n voorreg om ander te kan dien.

'n Samaritaan is bereid om oor die pad te stap om ander te help. Ons wil meewerk om 'n gemeenskap te bou, waar almal saamstaan en mekaar help. Kom help ons om deernispakkies te maak of "Deps 'n Ouma of Oupa" in wie se lewe jy 'n verskil kan maak.

Sluit by ons aan, maar wees elke dag 'n Samaritaan, net daar waar jy is!

***Kontak gerus vir Anwyn Dreyer by 074 602 5295 vir verdere inligting***

## Met Leedwese



Ons harte gaan uit na die familie en vriende van

***Gerrie Barnard***

wat oorlede is. Ons bid die Here se krag en vertroosting oor sy familie in hierdie baie moeilike en hartseer tyd.




Volledige besonderhede oor hierdie fondsinsamelings-geleentheid van die Gasvryheidsbedieniging sal volgende week aan u deurgegee word. Dit gaan 'n aand wees om te onthou!

***Omkring hierdie datum op u kalender! Slegs 100 kaartjies gaan beskikbaar wees!***

# SAKE UIT KERKRAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP 9 JUNIE 2026

**Verkiesing as Wyksleiers**

Mev Annelize Swart - Hawe 36
Mev Elna Vermaak - Hawe 40

**Bedanking as Wyksleier**

Mnr Henk Bruyn - Hoogte 07, 19, 20, 21

**Verkiesing as Streeksdiaken**

Danie van der Nest - Oosstreek

**Herverkiesing as Streeksouderling**

Peet Vosloo - Kloofstreek

**Sluiting van die Kerkkantoor**

Die vloer in die ontvangskantoor moet herstel word, aangesien dit 'n risiko vir die personeel inhou. Daar is besluit dat die huidige vloer uitgehaal word en dat daar aan die oorspronklike houtvloer gewerk sal word. Tydens die werkery sal dit nie moontlik wees om die publiek/lidmate vanuit die kantoor te bedien nie.

***BESLUIT***

*Dat die kerkkantoor vanaf 6 – 17 Julie 2026 gesluit sal wees. Administratiewe personeel sal gedurende hierdie tyd tuis werk en telefonies beskikbaar wees.*







## SAKKIE VIR 'N PAKKIE

Badisa, in samewerking met 'n omgeegroep van die N.G. Kerk Stilbaai, het die *Sakkie vir 'n Pakkie Kosprojek* 'n hele paar jaar gelede begin.

Hierdie projek werk so:

In die voorportaal van die kerk, kerkkantoor en by Badisa se kantoor in Melkboomstraat, sal u sakkies vind. U neem 'n sakkie. Binne-in die sakkie is 'n papiertjie met die name van slegs een of twee items. U gaan koop die items, plaas dit in die sakkie en bring die sakkie terug na die kerk, Kerkkantoor, OK Grocer of Badisa, waar u dit in die beskikbare mandjies plaas. Indien u eerder 'n geldelike bydrae wil maak, kan u dit by Badisa self inbetaal. Kospakkies word opgemaak vir behoeftige gesinne. Dit is 'n baie verdienstelike projek en ons het elkeen van u se hulp dringend nodig.

## BAAIJA VIR BIETJIE

Gee jou goed 'n tweede lewe!
Baaija vir Biekie Lifdadigheidswinkel verwelkom skenkings van goeie tweedehandse items. Jou skenking help Badisa Stilbaai om kinders en gesinne in ons gemeenskap te ondersteun. Maak plek by die huis en maak 'n verskil in iemand se lewe!



## EERLIKHEIDSTAFEL

***Benodig items!!!***

Ons items is op die oomblik **baie min** en daarom vra ons dat u asb. bruikbare items, waarvan u dalk ontslae wil raak, vir hierdie deurlopende fondsinsame-lingsprojek sal skenk. **GEEN** CD's of boeke asb. U is welkom om dit gedurende kantoorure by die Kerkkantoor af te gee.

Almal is baie welkom om **Maandae tot Vrydae vanaf 09:00 - 12:00** lekker te kom snuffel en te koop in die binnehof by die kerk.



***Indien u van adres of persoonlike inligting verander het, kontak asb. die Kerkkantoor sodat ons u inligting kan opdateer.***

**Bank Besonderhede**
Nedbank
Rek. Naam: N.G. Kerk Stilbaai
Rek. Nr. 1626-522-391

**Kerkkantoor Inligting**
Pastoriestraat 15, Stilbaai, 6674
Posbus 23, Stilbaai, 6674
Tel nr. (028) 754-1705
Faks nr. (028) 754-2827
Epos: lydiaheyns@ngkstilbaai.co.za
admin@ngkstilbaai.co.za